# ONDERHOUD MET MNR. FREDERICK JOHANNES WULFSE VAN RUSTENBURG OP 30/5/1953 TE RUSTENBURG

Mnr. Wulfse het gesê dat hy laat in 1889 of vroeg in 1890 saam met sy vader en moeder in Pretoria aangekom het uit Holland. Daar was agt kinders. Sy vader was 'n argitek en bouaannemer en hulle het van Kimberley na Pretoria in 'n muilwa gereis.

Kort na sy aankoms in Pretoria het hy as drukkersleerling by De Pers begin. Nelmapius was die eienaar en Leo Weinthal die redakteur. Mnr. Walker, later van Walker en Marshall, drukkers van Johannesburg, was die voorman in die settery. Mnr. Van der Schyf, later van die Rand Daily Mail, het ook daar gewerk.

Mnr. Wulfse het met 'n loon van 5/- per week begin en het 1/- per uur vir oortyd ontvang, wat altyd nodig was as die koerant gedruk moes word. Mnr. Anton van Wouw, die beeldhouer, was die koerant se spotprenttekenaar.

De Pers het die Regering ondersteun en Weinthal was 'n groot vriend van President Kruger, asook Nelmapius wat baie konsessies van die Regering gekry het, waaronder die konsessie vir die fabriek te Eerste Fabrieke waar drank gestook is.

De Pers-drukkery was op 'n perseel in Vermeulenstraat langs die ou Staatsdrukkery (hoek van Vermeulen- en Bosman- (Koch)straat oorkant die Grootkerk.

Hy het twee jaar by De Pers-drukkery gewerk. Die drukkery was in Vermeulenstraat in 'n gewone woonhuis gevestig.

Daarna het mnr. Wulfse by die Staatsdrukkery gaan werk wat toe op die hoek van Vermeulen- en Bosmanstraat was langsaan die huidige Staatsdrukkery. Mnr. Pieter Bell was die direkteur van die Staatsdrukkery en daar het sowat 60 blankes waarvan meeste Hollanders was, gewerk. Destyds was daar nog geen setmasjiene nie en ook geen elektrisiteit nie. Alles moes met die hand geset word.

Mnr. Wulfse het by die Staatsdrukkery gewerk totdat die Tweede Vryheidsoorlog uitgebreek het en is toe as voetganger by die Staats Artillerie ingedeel. Voor Ladysmith was hy lid van die bemanning van „Long Tom". Die Ierse Brigade onder Kommandant McBride, later lid van „The House of Commons", was ook by hierdie gedeelte van die Artillerie.

Toe Bloemfontein deur die Britse magte beset is, is mnr. Wulfse deur die Transvaalse Regering in 'n drukkery te velde geplaas en het hy saam met mnre. Morgenroodt, Te Groen en Ben Wallach, 'n broer van mnr. Ike Wallach van **Die Volkstem,** in 'n groot Kaapse spoorwa proklamasies en omsendbriewe vir die Vrystaatse leër en regering gedruk. Hulle was toe naby Kroonstad gestasioneer en het daar gebly totdat hulle verplig was



MALABOCH CAMPAIGN. *Officers and Non-commissioned Officers of the Pretoria Commando, 1894*

*Front Row:* *L. Taylor, Boy, Bugler, J. Fuchs*

*2nd Row:* *J. Mac Moreland, C. Lever F. Schunke, P. J. Malan, Adv. F. B. Tobias, H. K. Scheppard, J. Smuts*

*3rd Row:* *Comdt. J. P. de la C. Schröder, Rev. Colin Rae, Col. I. P. Ferreira, Lieut. Adj. G. J. Eloff, Lieut. C. G. Rice, C. Boot, A, Thomson, G. Waldeck*

*Back Row:* *P. Mynhardt, H. C. de Braconier, Van Nes, Lieut. H. J. W. Holzer, P. J. J. van Rensburg, P. J. v. d. Byl, L. Gates, J. H. B. van Iddekinge, G. Botha, A. Kling (orderly), A. C. Vlotman, N. Vlok, Dr. E. P. Linshoek, E. F. X. Cooper, J. Lorentz*

*(Museum, Alb. D. No. 17)*

om na Elandsfonein (tans Germiston) terug te trek. Daar aangekom het hy agt uur verlof gekry om sy verloofde, met wie hy later getroud is, in Braamfontein te besoek. Dieselfde dag is Johannesburg deur lord Roberts se troepe omsingel en kon hy nie na die drukkery terugkeer nie. Hierdie drukkery is later na Waterval Boven verplaas met alles wat mnr. Wulfse besit het.

Nadat hy van sy drukkery afgesny was, het mnr. Wulfse by Burmeister en Kie., Presidentstraat, oorkant die ou Poskantoor, in Johannesburg aansoek om werk gedoen. Weens die tekort aan personeel is hy onmiddellik aangestel. Binnekort was hy voorman van die drukkery. Toe die personeel na die oorlog terugkom, het mnr. Wulfse hierdie betrekking laat vaar en sy eie besigheid begin. Die eerste koerant wat hy te Braamfontein uitgegee het was die Kerk- en Skoolblad. Ds. Maartens was sy redakteur.

Een van sy latere pogings om koerante uit te gee, was ook die **Clifton Observer.** Mnr. Gluckman was redakteur van hierdie koerant. Vroeër was Gluckman by die Pers-drukkery. Weens gebrek aan kapitaal kon mnr. Wulfse hierdie onderneming egter nie volhou nie.

Een van die koerante wat voor die Tweede Vryheidsoorlog in Pretoria bestaan het, was **Die Volkstem** waarvan dr. Engelenburg redakteur was. Hy was seker een van die bekwaamste redakteurs en ook 'n „gentleman". Toe **Die Volkstem** dagblad geword het, het dr. Engelenburg te perd rondgery om vir die naturelle wat die koerante moes aflewer, te wys waar die intekenaars woon.

Gedurende die Malaboch-opstand in Zoutpansberg het mnr. Wulfse as lid van die Pretoria Vrywilliger-Korps diens gedoen as lyfwag van President Kruger. Mnr. Wulfse meen dat hy vandag (1953) die enigste oorlewende lid van daardie lyfwag is.

Mnr. Wulfse sê dat die eerste Staatsdrukkery op 'n perseel geleë was wat vanaf Kerkstraat na Aasvoëlstraat (Burolaan) deur gegaan het. Die voorste gedeelte van die gebou was in Kerkstraat en dit was die drukkery. Die kantore was in die agterste deel van die gebou wat op Burolaan uitgegaan het. (Dit was blykbaar die gebou wat later die Staatsbiblioteek gehuisves het en daarna die eerste kantoor van die Suid-Afrikaanse Reserwe Bank was). Hierdie drukkery-gebou het gedeeltelik afgebrand en toe het die Staatsdrukkery verhuis na die perseel op die hoek van Vermeulen- en Bosmanstraat.

Mnr. Wulfse sê dat hy sowat 10 koerante sedert 1902 begin het. Twee van hulle wat nog bestaan is die **Brits Pos** wat tans deur sy seun uitgegee word te Brits en die **Rustenburg Herout,** (Herald) wat deur twee ander seuns te Rustenburg uitgegee word maar waaraan hy nog verbonde is.

Mnr. Wulfse is getroud met 'n mej. Emily Nefdt. Sy is 'n suster van mnr. Tommie Nefdt, wat vir Jameson na sy mislukte inval by Doornkop gehelp ontwapen het. Mevr. Wulfse is 'n kleinniggie van generaal Sir George Colley.

H. P. H. Behrens.